Towerlantern Fotografie

fotografienuus

junie 2017

Die skrywer van Psalm 104 sluit sy loflied teen die einde van sy psalm met dié woorde af:

Mag hierdie bepeinsinge van my vir Hom aanneemlik wees!
Ek wil my in die Here verbly.

Die skrywer skryf dit nadat hy aan die begin van die psalm die Here loof en dan verder gaan met 'n natuurbeskrywing soos hy dit sien en ervaar vanuit sy wêreldbeskouing. Hy sê onder andere:

U het die maan gemaak om die vaste tye mee aan te gee,
die son weet wanneer om onder te gaan.

Soos hierdie digter dit met sy digkuns gedœn het, so het baie kunstenaars dit oor eeue met hul skryfwerk of skilder[1] of musiek[2] of watter kunsvorm ook al gedœn. En so kan ons dit dœn met al ons moderne kameras en fotografiehulpmiddels.

Dit beteken nie noodwendig dat ons net prentjiemooifoto's hœf te neem nie, maar dat ons wel daarna sal streef om, in die psalmdigter se woorde, met ons fotografie die volgende te sing:

Ek wil tot eer van die Here sing so lank ek lewe,
ek wil die lof van my God besing so lank ek daar is.

En die herfs van 2017 is werklik iets spesiaal waarmee ons dit kan dœn. Laat dit vir jou 'n inspirasie wees.

---

1 J Constable: "Salisbury Cathedral"
2 FJ Haydn: "Die hemele verkondig die eer van God"

<= kliek hier vir meer inligting..

Towerlantern Fotografie

facebook

Ons het gedurende die tydperk 8 tot 12 Mei verskeie fotowenke op Towerlantern se Facebook-blad (kliek op die skakel hierbo) geplaas om gœie herfsfoto's te neem. Dit word hier herhaal want dit is steeds nog nie te laat om jou kamera op te tel, en herfsfoto's te gaan neem nie.

fotografeer die herfs

Die herfs bly nog by ons! En oral staan die foto's reg – dit mœt net afgeneem word. Ek deel graag 'n paar onlangse foto's, en gee daarmee saam 'n klompie fotowenke.

wenk

Kom weg van die alledaagse herfsfoto's. Dœn iets wat minder algemeen is. Skep 'n idilliese beeld. Die foto hierby behoort 'n idee te gee.
Die hoofsaak is: Sien die herfs raak.



Het jy geweet dat Towerlantern ook 'n aanlynkursus aanbied? Dieselfde kursus, maar in die gerief van jou huis. Enige plek in die wêreld! Stuur 'n e-pos vir meer inligting.

fotografeer die herfs
vervolg

Moontlik is nie almal so gelukkig soos ons in Potchefstroom om mooi herfstonele te hê nie. Karyn Bremner van Mahikeng sê dat hulle nie mooi straatbome het nie. Die volgende kan wel genœm word: Die groot frustrasie van herfsfoto's, soos ook met sonsopkomstes en -ondergange, is dat die werklike toneel dikwels mooier lyk as die foto's wat jy daarvan neem.
Een tegniek om by hierdie probleem verby te kom, is om effens onder te belig. 'n Ander tegniek om uitsonderlike foto's te neem, word hierna gegee. Pas dit tœ, en gebruik die meegaande foto as inspirasie-idee.

wenk

Mœnie met jou kamera net buite 'n boom of bos bly staan nie. Gaan nader en neem 'n foto van binne die bos – na die binnekant of na die buitekant van die bos.



Volgende eersterlak-fotografiekursus

Neem solank kennis van ons volgende fotografiekursus op eerste vlak. Die beplande begindatum is 24 Julie. Oorreed jou vriende om die kursus te kom bywoon. Soos gewoonlik bestaan dié kursus uit 10 klasgeleenthede en strek oor ongeveer 5 weke. Die inligting sal binnekort uitgestuur word.

fotografeer die herfs
vervolg

Vra jouself voortdurend af: Waarom fotografeer jy die herfs?
Daar is verskillende antwoorde. Ek bespreek twee kortliks:

- *Om onthoufoto's te neem.* Dis reg so; jy wil miskien vir jou kinders oorsee wys hœ mooi ons herfs tans is. Dœn dit, maar jy mag dalk gou vœl jy sœk na iets meer in jou foto's.
- *Om die warmte van die herfs uit te beeld*. In hierdie geval wil jy iets uitbeeld wat die "gevœl" van die herfs weergee. Moontlik ook om vir jou kinders oorsee te stuur. Hierdie siening is meer uitdagend en gaan jou baie langer plesier verskaf. Probeer daarmee volhou.

Die moontlikhede en tegnieke vir "gevœl" in foto's is eindeloos. Begin maar net rondspeel met jou kamera. Een moontlikheid is die volgende:

wenk

Wees 'n skilder met jou kamera en vergeet van die werklikheid. Lê klem op kleur eerder as op realiteit – selfs al is die grootste deel van die foto uit fokus, soos die foto hierby.



Ons beplande geleentheid om saam foto's te kyk op 24 Mei het gœd verloop. Enkele foto's van al die deelnemers is op Towerlantern se web-blad-blog (www.towerlantern.co.za) geplaas. Kyk gerus daarna en deel dit met vriende.

kom kyk
saam foto's

Towerlantern Fotografie
- junie 2017 -

fotografeer die herfs
vervolg

Soos by die vorige dag se stukkie geskryf, is dit die moeite werd om te soek na die "gevoel" van die herfs. Die herfskleure maak dit gelukkig maklik om die warmte van die herfs uit te beeld. Die volgende wenk kan jou ook hiermee help.

wenk

Lê laag, sit plat, buk af, om besondere foto's te kry.
Laat die meegaande foto jou tot groter kreatiwiteit inspireer. Moet ook nie net een foto neem nie – neem sommer 10 of 20 of 30 vir 'n verskeidenheid om 'n beste uit te kies.

foto-uitstalling in augustus

Dit het nou al gebruiklik geword dat studente van Towerlantern Fotografie jaarliks in Augustus die geleentheid kry om van hul werke uit te stal.
Jy word hiermee dus uitgenooi om die komende Augustus hieraan deel te neem. Het jy al begin om jou foto's deur te werk en ook nuwe foto's te neem om 'n portefeulje saam te stel? Die inligting in verband met hierdie uitstalling sal ook binnekort beskikbaar wees.

Redakteur: Johan de Klerk **Bladuitleg:** Fransa Vorster van Colourcode Designs

fotografeer die herfs
vervolg

Ons hoop dat jy steeds die herfs om jou raaksien, en dat jy 'n gœie foto of twee kon neem met die afgelope paar dæ se wenke. Die belangrike saak wat kreatiwiteit betref, is: Bly steeds in œfening.
Dit sal vir ons by Towerlantern lekker wees om te sien watter foto's jy die afgelope week geneem het. Stuur gerus een of twee na ons tœ en ons plaas dit gedurende die volgende weke op hierdie Facebook-blad.
Die laaste wenk is die volgende:

wenk

Wees uitbundig met jou kamera! Dœn enige ding om jou kreatiwiteit uit te leef. Beweeg selfs jou kamera om die indruk, impressie, van die herfs te gee. En geniet dit.

Ten slotte – op 'n persoonlike vlak

In hierdie *Fotografienuus* is heelwat klem gelê op herfsfoto's. Soos jy kan aflei is dit een van my gunsteling foto-onderwerpe, met spesiale klem op kleur en abstrakte kleur. En wat my betref, kan dit nie anders nie: Oral sien ek elke dag die herfs en die mooi tonele.

Onthou om steeds wyd te dink oor fotografie. Die mooi bome kan jou baie maklik verlei tot kiekies. Probeer dus werklik om dieper tonele raak te sien. Benut die geleenthede. Dit help ook om inspirasietekste te hê (uit die Bybel of andersins). Hieronder is 'n paar Bybeltekste wat kan help.

- As ek u hemel aanskou … wat is die mens dan dat U aan hom dink (Psalm 8:4-5).
- U kroon die jaar met u gœie gawes. Waar U ook gaan is daar oorvlœd (Psalm 65:12).
- Die aarde en alles daarop mœt juig … die berge mœt saam juig voor die Here (Psalm 98:7-9).

Grœte, Johan

Towerlantern Fotografie
– junie 2017 –